Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 16 MEI 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 12 APRIL 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 April 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 MEI 2017
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5./...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 3 MEI 2017

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 12 APRIL 2017

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Sedert die goedkeuring van die konsep GOP deur die Raad in Maart 2017 is die voorwoorde, die finansiële plan in Hoofstuk 8, 'n gedeelte oor *back to basics*, asook die areaplanne toegevoeg. In die opstel van die GOP en as deel van die publieke deelnameproses het verskeie interaksies met die publiek, raadslede, wykskomitees, sowel as amptenare plaasgevind om insette te verkry.

Die Munisipale Bestuurder wys daarop dat die kommentaar van die *African National Congress West Coast Region* buite die spertyd van 2 Mei 2017 ontvang is, en dat daar in gesprek getree sal word met rdl D B Philander oor 'n geskikte datum om die insette te bespreek as hersiening van die GOP wat reeds in September 2017 'n aanvang neem.

Die nuwe vyfjaar GOP vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2022 is met die sakelys gesirkuleer en sal die wysigings aan die begroting, soos gerapporteer tydens die Begrotingsbeheerkomitee, en wat 'n effek op die GOP het, bygewerk word vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2017.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad)

(a) Dat die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne, by die Raad vir goedkeuring aanbeveel word in terme van artikel 25(1) van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;

(b) Dat die wetlike proses soos in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009 voorgeskryf word, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad;

(c)/...

7.1/...

(c) Dat daar op 'n geskikte tyd in gesprek getree word met die Hoofsweep van die ANC om ooreen te kom hoe hulle insette op die mees sinvolle wyse in die eerste hersiening van die GOP (wat reeds in September 2017 'n aanvang neem), geakkommodeer kan word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEVVINGS VIR 2017/2018, 2018/2019 EN 2019/2020 (5/1/1/1-2017/2018; 5/1/1/2-2017/2018)

Tydens 'n Begrotingsbeheerkomiteevergadering gehou op datum is daar sekere wysigings – weens onvoorsiene omstandighede, bv. die tender vir die Opgradering van die Darling Rioolsuiweringswerke wat bykans R15 miljoen hoër ingekom het as wat beraam was – aan die begroting voorgestel wat die 2017/2018, sowel as die 2018/2019 kapitaalbegroting beïnvloed. Verder noem die voorsitter dat die uitgawe aan die voorbereiding van die terrein vir die Riebeek-Wes behuisingsprojek ook meer bedrae as wat beplan is.

Die Direktuer: Finansiële Dienste, met verwysing van die surplusse/tekorte, noem dat die uitdaging is om beplanning vir die langtermyn te rig wat volhoubare uitbreiding en onderhoud aan basiese dienste vir die nageslag te kan verseker.

Finansiële beplanning binne die ekonomiese omstandighede wat tans in Suid-Afrika heers, is 'n verdere uitdaging. Die gebeure in die makro-omgewing het ook 'n impak op die Munisipaliteit, veral gegewe die invloed wat dit het op die vermoë van die belastingbetaler om sy/haar diensterekening te kan betaal.

'n Verdere oogmerk van die meerjarige begrotings is om effek te gee aan die GOP.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 25 Mei 2017)

(a) Dat daar met die insette ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging gehandel word, insover dit betrekking het op die 2017/18 MTREF Konsepbegroting (sien **Aanhangsel F**);

(b) Dat die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2017/18 – 2019/20 finansiële jare goedgekeur word as finaal:

	Oorspronklike Begroting 2016/2017	**Tweede Aan-suiwerings-begroting 2016/2017**	**Oorspronklike Begroting 2017/2018**	**Oorspronklike Begroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**
Kapitaalbegroting	R 74 689 669	R 81 428 433	R 79 722 586	R 79 995 064	R 84 275 813
Bedryfsuitgawes	R 654 711 941	R 636 140 909	R 664 697 875	R 671 246 890	R 693 665 199
Bedryfsinkomste	R 641 914 085	R 647 894 024	R 681 596 264	R 701 266 419	R 744 940 649
Begrote Surplus/(Tekort)	(R 12 797 856)	R 11 753 115	R 16 898 389	R 30 019 530	R 51 275 450
Kapitaal Toekennings	R 34 048 649	R 35 348 649	- R 35 075 916	- R 30 037 000	-R 23 724 000
Surplus/(Tekort)	-R 46 846 505	-R 23 595 534	- R 18 177 527	-R 17 470	R 27 551 450

(c) Dat die Raad voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2017/18 finansiële jaar goedkeur, met inagneming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

7.2/...

(d) Dat die Raad die eindomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **Aanhangsel A** goedgekeur as finaal;

(e) Dat, met verwysing na die voorgestelde wysigings aan die Verordening insake Eiendomsbelasting en die Eiendomsbelastingsbeleid, soos elders in die agenda voorgelê, kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die uitfasering van gedifferensieerde belasting soos van toepassing op die sogenaamde “geografiese areas” van Jakkalsfontein, Grottobaai en Riebeek Vallei in terme van die bestaande verordening en beleid beëindig word en dat die volle tarief soos van toepassing op residensiële eiendomme soos per die tarieflys ook betaalbaar sal wees ten opsigte van eiendomme binne hierdie areas met ingang van 1 Julie 2017, om te voldoen aan artikel 19(1)(a) van die Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet, 2004 (soos gewysig), wat bepaal dat die heffing van gedifferensieerde tariewe op residensiële eiendomme verbied word, behalwe onder gespesifiseerde omstandighede;

(f) Dat die Raad kennis neem en aldus **goedkeuring verleen** vir die salarisverhogings ten opsigte van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings wat wissel tussen 9,36% - 9,76%;

(g) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in die tabelle in **Aanhangsel B**, goedgekeur word as finaal;

(h) Dat die begrotingsverwante beleide soos vervat in **Aanhangsel C**, goedgekeur word;

(i) Dat die pogings wat bo en behalwe die inisiatiewe wat reeds geïmplementeer is met betrekking tot die MFMA Omsendbrief No. 82: *Cost Containment Measures* in **Aanhangsel D** van kennis geneem word;

(j) Dat die Raad kennis neem van die hersiening van die begrotingsverwante beleide, en meer spesifiek die wesenlike wysigings aan die Verimentbeleid as gevolg van die invloed van die mSCOA-implementering met ingang van 1 Julie 2017;

(k) Dat toepaslike oorsig meganismes ingestel word om besparingsmaatreëls te monitor, ten einde te voldoen aan artikel 62 en 167 van die MFMA om te verseker dat redelike stappe geneem word vir die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van openbare hulpbronne en in die beste belang van die plaaslike gemeenskap;

(l) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs 4,5% vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs 5,2% in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband:

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.5 maande** vir 2017/2018; **5.5 maande** vir 2018/2019 en **6.1 maande** vir 2019/2010;
- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2017/2018 ‘n bedrag van **R16 898 389**; 2018/2019 ‘n bedrag van **R30 019 530** en 2019/2020 ‘n bedrag van **R51 275 450**;

(m) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotings-omsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie.

(n) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die mSCOA formaat soos vereis deur Nasionale Tesourie.

7.3 SLEUTEPLRESTASIE-AANWYSERS (KPI's) EN TEIKENS VIR 2017/2018 (2/4/2)

Die konsep sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens is op 30 Maart 2017 aan die Raad vir inbeginsel goedkeuring voorgelê, waarna 'n publieke deelnameproses deurloop is.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar met die hersiening van die sleutelprestasie-aanwysers en teikens vir die 2017/2018 finansiële jaar gefokus is op die risiko-areas van die Munisipaliteit, sowel as die inhoud van die posbeskrywings van elke betrokke amptenaar. Daar is dus 'n verband tussen die posbeskrywing, die funksies van die Munisipaliteit en die inhoud van die GOP, wat 'n aanduiding is dat die korrekte aspekte gemeet word en die metodiek van meting voortdurend verbeter.

BESLUIT

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word vir oorweging deur die Raad op 25 Mei 2017.

7.4 AANVAARDING VAN VERORDENINGE INSAKE (1) EIENDOMSBELASTING ASOOK EIENDOMSBELASTINGSBELEID EN (2) KREDIETBEHEER EN SKULD-INVORDERING (1/1)

Die konsep verordeninge is na inbeginselgoedkeuring deur die Raad op 30 Maart 2017 vir publieke kommentaar geadverteer. Kommentaar is vanaf die Yzerfontein In-wonersverenging ontvang aangaande die kortings op eiendomsbelasting, maar word die insette as deel van die begrotingsdokumente hanteer.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 25 Mei 2017)

(a) Dat die volgende verordeninge aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
- Verordening insake Eiendomsbelasting;
- Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering, asook Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid, ingesluit as skedule;

(b) Dat die Eiendomsbelastingsbeleid ook vir goedgekeuring aanbeveel word om in werking te tree op die datum waarop die Verordening in werking tree.

7.5 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017 (6/2/2/B)

Die termyn van die hersiening van die Kommunikasiestrategie is gelyklopend met die GOP vir 2017-2022, en word aan die hand gedoen dat die hersiening daarvan oorstaan totdat die GOP gefinaliseer is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat 'n hersiening van die 2012-2017 Kommunikasiestrategie nie in hierdie stadium vereis word nie, en goedkeuring verleen word dat 'n volledige hersiening daarvan teen nie later nie as Desember 2017 onderneem sal word, met inagneming van die strategiese uitkomste van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die resultate van die 2017 Kliëntediensopname;

(b) Dat aangesien die Beleide met betrekking tot Kommunikasie, Publieke Deelname en Sosiale Media voortspruit uit bogemelde Kommunikasiestrategie, die hersiening van gemelde drie beleide teen Junie 2018 gefinaliseer sal word.

7.6/...

7.6 AANBEVELING VAN ALGEHELE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VIR GOEDKEURING MET EFFEK VANAF 1 JULIE 2017 IN AG GENOME VAN VERANDERINGE TOT BESKERMINGSDIENSTE EN KORPORATIEWE DIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ’n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig in die verslag tot die sakelys toegelig. Die Munisipale Bestuurder noem, met verwysing na die instelling van ‘n “grondbestuurseenheid” vir die Direktoraat Beskermingsdienste, dat alhoewel daar op die struktuur voorsiening gemaak word vir die eenheid, die poste nie befonds is nie, aangesien die Munisipaliteit ook alternatiewe metodes ondersoek om voortydig die onregmatige besetting van grond aan te spreek.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2017)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die volledige organisasiestruktuur aanbeveel vir voorlegging aan die Raad met inagneming van die wysigings aan die organisasiestruktuur ten opsigte van Beskermingsdienste en Korporatiewe Dienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2017.

7.7 BESTUUR EN BEHEER VAN DIE YZERFONTEIN HAWE / VERLENGING VAN OOREENKOMS MET MNR ASHLEY CREWS (7/1/2/2-3)

Die Munispaliteit het in 2013 ’n ooreenkoms met die voormalige hawemeester, mnr Ashley Crews, aangegaan vir die bedryf van die Yzerfontein hawe en vismark.

’n Ondersoek is deur die interne ouditkantoor gedoen om die impak van die uitkontraktering te bepaal. Die verslag is met die sakelys gesirkuleer en het die verlies wat in 2009/2010 -R315 422.72 beloop het, verminder tot ’n bedrag van –R71 083.62 in 2016/2017.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem van die inhoud van die verslag deur die Kantoor van die Interne Ouditeur insake die bestuur van die Yzerfontein-hawe en die gepaardgaande aanbeveling dat die ooreenkoms met mnr Ashley Crews verleng word;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die verlenging van die ooreenkoms met mnr Ashley Crews vir 'n tydperk van een jaar, vanaf 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018, kragtens dieselfde voorwaardes as die bestaande ooreenkoms;

(c) Dat, gedurende die verlengde termyn, alternatiewe opsies ten opsigte van die bestuur van die hawe met ingang van 1 Julie 2018 ondersoek word, onder andere die moontlike proklamasie van die hawe of die verkryging ’n diensverskaffers vir die bestuur van die hawe deur middel van openbare mededinging.

7.8 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: *2017 REVISED BUSINESS CONTINUITY AND DISASTER RECOVERY PLAN* (7/1/2/2-3)

Dit is belangrik om die *Business Continuity and Disaster Recovery Plan* van Swartland Munisipaliteit gereeld te hersien, veral ten opsigte van belangrike kontaknommers.

Die doel van die plan is om die Munisipaliteit, en spesifiek alle departemente, voor te berei op uitgebreide dienste-onderbrekings wat deur faktore buite die Munisipaltieit se beheer veroorsaak kan word, en om dienste so spoedig moontlik weer te herstel.

7.8/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die wysigings wat aan die *Business Continuity and Recovery Plan* aangebring is;

(b) Dat die hersiende *Swartland Business Continuity and Recovery Plan* goedgekeur word ten einde te voldoen aan Uitkoms 7.3 van die GOP, naamlik dat die betrokke plan op 'n jaarlikse basis hersien moet word.

7.9 INLIGTING EN KOMMUNIKASIETEGNOLOGIE: GOEDKEURING VAN HERSIENING VAN INLIGTINGSEKURITEITBELEID (TEGNIES) (6/2/3/1/B)

Die Ouditeur-Generaal het gedurende die laaste oudit sekere gebreke in die Inligting-sekuriteitsbeleid uitgewys met verwysing na die toepassing van die wagwoordbeleid op bestuurstelsels bv. Promun en PayDay.

Die Inligtingsekuriteitsbeleid (slegs in Engels – *Information Security Policy*) is intussen hersien, en word voorgestel dat paragraaf 4.3.1(h) as volg wysig:

4.3.1 (h) The following policy is applicable to System Administrators of Promun and PayDay:

- Passwords shall have the following characteristics:
  - passwords shall not be valid for longer than 60 days
  - password shall be complex (numeric and alphanumeric characters in combination)
  - the re-use of at least the previous 12 sequential passwords shall be prohibited.

BESLUIT

Dat die wysiging van paragraaf 4.3.1(h) van die Inligtingsekuriteitsbeleid (Tegnies) goedgekeur word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: DIREKTEUR BESKERMINGSDIENSTE – NASIONALE DIPLOMA IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE (4/6/2)

Die *Municipal Regulations on Minimum Competency Levels of 2007* skryf voor dat senior bestuurders van 'n munisipaliteit met 'n jaarlikse begroting van R500 miljoen en meer, ten minste oor 'n kwalifikasie op NQF-vlak 7 moet beskik.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, wat oor 'n kwalifikasie gelykstaande aan 'n NQF-vlak 6 beskik, het onderneem om vir die Nasionale Diploma in Publieke Bestuur in te skryf. Die diensverskaffer, *Kgolo Institute,* het aangedui dat erkenning verleen sal word vir die modules wat mnr Humphreys as deel van die MFMA-program voltooi het, en slegs 'n addisionele 24 modules word benodig om die vermelde kursus te voltooi.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder om die Kgolo Instituut aan te stel vir die voorsiening van die Nasionale Diploma-opleiding aan die Direkteur: Beskermingsdienste en dat die goedkeuring dienooreenkomstig gekondoneer word;

(b) Dat daar om die volgende rede van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk is, naamlik:

- Kgolo Instituut is die enigste diensverskaffer wat krediet verleen het vir die modules wat mnr Humphreys gedurende die MFMP-kursus voltooi het en slegs 'n verdere 24 modules benodig om die Nasionale Diploma in Publieke Administrasie binne die voorgeskrewe termyn van 24 maande te verwerf;

7.10/...

(c) Dat die aanstelling bevestig word ten bedrae van R99 180.00 (BTW ingesluit) en teen posnommer 11-48-52-00-3428 (Opleiding: Doeltreffendheids-ontwikkelings) gedurende die 2016/2017 finansiële jaar vereffen word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: AANSTELLING VAN *RATINGS AFRICA* (8/1/B/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die onlangse verslag deur *Ratings Africa* aandui dat Swartland Munisipaliteit die vierde beste munisipaliteit in die Wes-Kaap is in terme van finansiële volhoubaarheid.

Die opdrag aan *Ratings Africa* behels nie slegs om ’n gradering te doen in terme van die *Municipal Financial Sustainability Index* (MFSI) nie, maar ook ’n beoordeling van die begroting en kwartaallikse verslag ingevolge artikel 71 van die MFMA ten einde voorstelle te maak wat in die finansiële plan beslag kan kry.

BESLUIT

(a) Dat *Ratings Africa* aangestel word om –

- Munisipale Finansiële Volhoubaarheidsindeks (*MFSI*)-verslae van die Munisipaliteit teenoor dié van munisipaliteite in die Provinsie of van soortgelyke munisipaliteite soos geïdentifiseer deur die Munisipaliteit tot en met 20 owerhede;
- MFSI-verslag van die Munisipaliteit wat tussen twee en drie bladsye beslaan en rapporteer oor die drie finansiële jare van 2016/2017 tot 2018/2019;
- MFSI-assessering van die begroting- en Artikel 71-kwartaalverslag van die Munisipaliteit;

(b) Dat goedkeuring verleen word om in terme van paragraaf 36(1)(a)(ii) van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid af te wyk, aangesien die betrokke diens slegs deur een diensverskaffer gelewer kan word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 SWARTLAND ONTSPANNINGSKLUB: VERSOEKE OM HULPVERLENING (17/16/1)

Die Swartland Ontspanningsklub is onder werknemers van die Munisipaliteit in die lewe geroep, en neem deel teen ander munisipaliteite. Die rugbyspan het verlede jaar deelgeneem aan die Hessequa Rugbydag in Heidelberg en die plaattrofee verower.

Die klub beplan om ’n Sewes Rugbytoernooi, asook karnaval by die Wesbank Sportgronde op 22 en 23 September aan te bied as deel van ’n poging om fondse in te samel vir die aankoop van ondere andere klere (rugbytruie en –sokkies) en toerusting.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sy steun uitspreek vir die Swartland Ontspanningsklub asook vir die aanbieding van ‘n Sewes-rugbytoernooi op 22 en 23 September 2017 by die Wesbank sportfasiliteite;

7.12/…

(b) Dat ‘n mandaat aan die Munisipale Bestuurder verleen word om die aard en omvang te mag bepaal van die bystand wat deur die Munisipaliteit verleen sal word, in oorlegpleging met al die interne rolspelers.

7.13 HUUROOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN NSRI (17/10/1/1)

Die NSRI huur ’n perseel in die hawe (groot 240,12 m²) vanaf die Raad vir die bedryf van ’n basisstasie vanaf Yzerfontein. Die huurtermyn van tien jaar het op 30 April 2017 verstryk, en is die NSRI begerig om die betrokke perseel vir ’n verdere termyn te huur.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die NSRI se keuse om hul opsie tot hernuwing van die huurooreenkoms, wat op 30 April 2017 verstryk het, uit te oefen;

(b) Dat ‘n ooreenkoms ten opsigte van die verlenging van die genoemde huurooreenkoms, met die NSRI gesluit word, onder die bestaande huurvoorwaardes.

7.14 HUUROOREENKOMS: W DUCKITT & SONS CC (15/4/6)

Die Raad huur ’n gedeelte (groot ±300 m²) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post 577, geleë in die omgewing van Darling van die eienaars, *W Duckitt & Sons*. Die Raad se kabelvrye netwerkstasie is op die betrokke perseel opgerig.

Die vorige huurooreenkoms vir die huurtermyn van drie jaar het reeds op 30 September 2016 verstryk, maar weens ’n fout op die Munisipaliteit se rekenaarstelsel is die hernuwingskennisgewing nie gegenereer nie. Die eienaars het hulself egter bereid verklaar om die huurtermyn te verleng vir ’n verdere drie jaar.

BESLUIT

Dat die Raad die hernuwing van die huurooreenkoms met W Duckitt & Seuns vir die huur van ‘n gedeelte (groot ±300m²) van restant van gedeelte 8 van die plaas Oude Post 577 vir die voortgesette bedryf van sy kabelvrye netwerkstasie soos volg goedkeur:

(a) ‘n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Oktober 2016 tot 30 September 2019 teen betaling van huurgeld van R1170,00, plus BTW, per maand en wat jaarliks met 10% eskaleer, asook ‘n opsie om verder te huur.

7.15 HERALLOKASIE VAN KAPITAALFONDSE: OPGRADERING VAN DARLING WWTW NA HERSEELING VAN PAAIE (5/1/1/1/2)

Daar is in die meerjarige begroting (2016/2017, 2017/2018 en 2018/2019) voorsiening gemaak vir die opgradering van die Darling Rioolsuiweringswerke ten bedrae van R12 651 000,00.

Die beplanning van die projek, wat ook die inwin van tenders behels, het reeds ’n aanvang in die 2016/2017 finansiële jaar geneem. Die tenders wat gedurende April 2017 ontvang is, is baie meer as die beraamde begroting en beloop die laagste tender ’n bedrag van R27 232 455.04. Hierdie verskil is te wyte aan die skynbare konserwatiewe benadering gevolg deur die tenderaars gegewe die huidige marktoestande en die aard van die projek, en nie noodwendig toe te skryf aan swak beplanning en beramings nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die tenderbedrae wat ontvang is vir die opgradering van die Darling Rioolsuiweringsaanleg ongeveer R15 miljoen hoër is as die beraamde bedrag;

7.15/...

(b) Dat ten einde die beskikbare kapitaalfondse gedurende die 2016/2017 finansiële jaar te spandeer, kennis geneem word dat ’n bedrag van R1 479 901.20 deur middel van veriment vanaf die Darling Rioolsuiweringsprojek na die herseel van paaie-projek toegewys word;

(c) Dat verder kennis geneem word dat die allokasie van fondse, soos vermeld in paragraaf (b), reggestel sal word in toekomstige begrotings ten bedrae van R1 479 901.20 tussen vermelde projekte;

(d) Dat die balans van R9 901 000.00 vir die opgradering van die Darling Rioolsuiweringsaanleg tydens die 30-dae begroting reggestel sal word.

7.16 WYSIGING VAN DIE 2016/2017 MIG GEDETAILEERDE PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (DPIP) (5/9/2/6/1)

Die MIG-gedetaileerde projekimplementeringsplan moet op ’n jaarlikse basis teen Mei aan die Departement van Samewerkende Regering voorsien word. Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee moet goedkeuring verleen sou daar ’n afwyking van die plan deur die loop van die jaar genoodsaak word.

Een van die projekte op die plan was die vestiging van nuwe sportgronde vir Chatsworth, maar tydens die omgewingsimpakstudie is ’n seldsame flora-skat ontdek. Die verkryging van ’n omgewingsmagtiging was dus noodsaaklik, alvorens daar met die konstruksie van die sportgronde ’n aanvang geneem kon word.

Hierdie vertraging het tot gevolg dat fondse na ander projekte geallokeer moet word, synde die Opgradering van die Wesbank Sportgronde en die De Hoop rioolprojek.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die implementering van die konstruksiefase van MIG-projek CS/WC/1265/15/18: Nuwe Sportgronde vir Chatsworth vertraag is as gevolg van die verkryging van omgewingsmagtiging wat langer as verwag geduur het;

(b) Dat verder kennis geneem word dat voormelde vertraging in die projek daartoe lei dat fondse herallokeer moet word na projekte wat reeds goedgekeur is en oor ’n begroting beskik ten einde te verseker dat MIG-fondse ten volle (100%) in die 2016/2017 finansiële jaar spandeer word;

(c) Dat die onderstaande MIG-gedetaileerde projekimplementeringsplan (DPIP) deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word:

Nr	***Project***	***Budget***
1	*Rehabilitate Water Networks*	R 4 577 200.00
2	*New Roads and Storm Water*	R 6 000 000.00
3	*Upgrading of Wesbank Sports Grounds*	R 8 997 600.00
4	*New Sports Grounds: Chatsworth*	R 505 200.00
5	*De Hoop External Sewer*	R 250 000.00
	Total	**R 20 330 000.00**

(d) Dat die gewysigde DPIP aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake voorgelê word.

7.17 UITSTAANDE DEBITEURE – APRIL 2017 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

7.17/...

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat groter klem geplaas moet word om ‘n betaalkultuur onder alle belastingbetalers te vestig.

Belastingbetalers moet besef dat – ongeag hul betaalvermoë – die grondwetlike mandaat gegee aan die Munisipaliteit om ‘n sekere standaard van diens te lewer, belemmer word deur belastingbetalers wat na die betaaldatum hul diensterekening vereffen.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van April 2017.

7.18 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HERSTEL VAN BESPROEIINGSPOMP, MALMESBURY RIOOLWERKE (6/1/2/1)

Die gholfbaan op Malmesbury, asook verskeie ander sportgronde word besproei deur gesuiwerde rioolwater vanaf die aanleg op Malmesbury. Een van die pompe wat water voorsien aan die gholfbaan het onklaar geraak.

As gevolg van die droogte en die geskeduleerde wedstryde op die sportgronde, is dit uiters belangrik dat water voorsien moet word aan hierdie fasiliteite en dat die pomp so spoedig moontlik herstel moet word.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstelwerk aan die besproeiingspomp by die Malmesbury rioolaanleg ten bedra3 van R53 727.76 (BTW uitgesluit) aangesien dit as ‘n noodgeval hanteer word;

(b) Dat die pomp deur *Tricom Africa* herstel word;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk deur *Tricom Africa* kan voortgaan vir die bedrag van R53 727.76 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe teen posnommer 77-92-30-00-0308 verreken word;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HERSTEL VAN “MACERATOR” BY DIE INLAATWERKE, MALMESBURY RIOOLWERKE (8/1/B/1)

Die rioolwerke op Malmesbury ontvang daagliks ’n lading van ±4,5ML rou riool. Om te verhoed dat enige ongewenste materiaal by die suiweringsaanleg ingepomp word, gaan die rou riool deur die *macerator* wat materiaal soos stokke, bakstene, ens. opbreek en later deur siwwe verwyder word.

7.20/...

Die *macerator* verhoed dus die beskadiging van pompe en kleppe op die rioolaanleg, en werk 24 uur per dag om die beurt en is dit onmoontlik om die suiweringsproses te begin sonder hierdie apparaat.

Die *macerator* het onklaar geraak en gevolglik word die werk met die hand verrig deur ’n draadmandjie wat aangewend word en gereeld skoongemaak moet word. Hierdie metode is egter nie effektief nie, aangesien die mandjie maklik oorloop met die gevolg dat ongewenste materiaal na die rioolaanleg deurgelaat kan word.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstelwerk aan die *macerator* by die Malmesbury rioolaanleg se inlaatwerke ten bedrae van R83 445.23 (BTW uitgesluit), aangesien dit as ‘n noodgeval hanteer word;

(b) Dat die *macerator* deur *GW Trautmann* herstel word;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk deur *GW Trautmann* kan voortgaan vir die bedrag van R83 445.23 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe teen posnommer 59-76-30-00-0272 aangegaan word;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER